

HOOFSTUK 3.

DIE INHOUD.

(a) Die inhoud deur die omgewing bepaal.

„Die Sprichwörter geben ein Spiegelbild des Volkes, seiner Gedanken, Anschauungen, Einrichtungen und Lebensgewohnheiten”

(Eckart).

As dit waar is van die spreekwoord in die algemeen, dat daarin weerspieël word alle aspekte van die volkslewe en alle middele van die volksbestaan, kan met nog groter sekerheid vasgestel word dat die volksvergelyking in die besonder 'n aansluiting vind by al die fases en uittinge van die lewe. Die vergelyking wat 'n ooreenkomsaanduiding is, spruit immers uit 'n geesteswerksaamheid wat hom gedurig en hoofsaaklik besig hou met die onmiddellike omgewing.

In die algemeen gesproke sal die vergelyking vir sy stof derhalwe grotendeels afhanklik wees van die boerdery-bedrywigheide, die diere- en plantewêreld, die bodemgesteldheid, weerstoestande, die hemel en aarde. Dit is dus vanselfsprekend dat daar vergelykinge aangetref sal word wat tui shoort óf in 'n bepaalde taalkring óf in 'n bepaalde streek. Dit is veral die ongelyke natuurtoestande en die wisselende landsomstandighede wat die gebruik van 'n vergelyking tot 'n spesiale gebied beperk. Insigryke skrywers ken die waarde van sulke vergelykinge wat voortvloei uit die direkte omgewing, vgl. bv. van Melle se **Bart Nel** („Hier sal hulle soos 'n klomp ploegskare lê en verroes”) en Malherbe se **Hans-Die-Skipper**, met sy talryke aan-die-see-ontleende beelde („so waar soos die see blou is”, „ek was bang Meester sal verdroog soos bokkom”).

Die verband tussen die vergelyking en die beperkte gedagtesfeer van die individu blyk duidelik uit Ampie se: „Met al haar nukke is Annekie so opreg soos ou Jacob was”. So aarsel die Bedoeïen ook nie om in talryke vergelykinge gebruik te maak van die kameel wat so nou verbonde is aan sy bestaan nie. Die Bolander sal uit sy eie tipiese omgewing voorstellinge haal wat vir die Namakwalander of die Vrystater minder treffend sal wees. Die kusbewoner sal in sy omgangstaal ander vergelykinge gebruik as die platteland of die bosvelder: klou soos 'n seekat, so lomp spoor 'n pikkewyn, so sout soos

gedroogde snoek, verdwyn soos 'n voetspoor in die sand. Tipies van die Engelse seemanstaal is bv. *busy as the devil in a gale of wind, a face like a sea boot, fits like a purser's shirt on a handspike, foul as an Indiaman*¹⁾. 'n Mooi voorbeeld van 'n beeld aan die see-omgewing ontleen word deur J. du P. Scholtz aangehaal:— „Die dienders is tegenswoordig achter die kinders net als een Bastiaan achter die sterretjies' (Volksbl. 8 Jun. 1862). Die basjan is nl. 'n swart seevoël wat gedurig die sterretjies, klein bont strandvoëltjies, agternasit.”²⁾

Die Nederlander met sy waterryke omgewing sal by gevolg baie vergelykinge gebruik wat betrekking het op die skeepvaart. Mansvelt skryf oor die „Dutch Language in South Africa": „The Dutch language, being the mirror of the nation's character, contains a number of words and expressions derived from the character of the country, the climate, and the peculiar customs of the Dutch. Every one who is a little more than superficially acquainted with Dutch knows how many words and expressions it derives from the water and navigation, as might be expected from a people with whom, as it is said, the French satirist found nothing but *canaux et canards*' (water and waterfowl). That the many hundreds of such words and expressions in a country like this could not but gradually disappear, because after some time they were not understood, — this is self-evident.”³⁾ As voorbeelde van sulke vergelykinge kan genoem word:—

Goeree en Overflakkee: *Hij heeft een gang als een zeeboot* (loopt een flinke pas), *'t hangt er om als nat hooi om een schuit, zoo hard als de mast.*⁴⁾

Algemeen: *Hij is lijk de mast den schipper, altijd meevaren en altijd kontant; dat staat als een vlag op een modderschuit; hij praat zoo plat als een modderschuit.*⁵⁾

In die Afrikaanse volkstaal bestaan baie beelde wat in 'n meer bepaalde omgewing tuishoort, alhoewel baie reeds in 'n groter gebiedsomvang bekendheid verwerf het.

In die patatwêreld (Heidelberg, Laingsburg, Swellendam en omstreke) is bekend: *skurwe pote* (skurwe hakskene, gebarste voete) soos 'n vleipatat, so arm soos 'n patatboer, so waar soos patats; in die mieliewêreld: *geld* soos mieliepitte, soos mieliepitte uitmekaar spat, sy hare staan soos mielieblare.

In Betsjoeanaland dra 'n flukse donkie gewoonlik die naam van Vaaltyn of Rietbok; vandaar die spreekwoordelike gesegde: *so vinnig*

¹⁾ Uit Frank Bowen se *Sea Slang*.

²⁾ in T.W.K. 14.7.

³⁾ Cape Monthly Magazine 3-145.

⁴⁾ N.T.G. XI-306 ens.

⁵⁾ De Vooy's: Verz. Opst., deel 2.

soos Vaaltyn en Rietbok. In daardie omgewing hoort ook tuis: **Dit pas so min soos kameelpeule aan 'n maroelaboom.**

Van Namakwaland afkomstig is: So lastig soos 'n dubbeltjie in 'n velskoën, so dun soos 'n Hotnotskind, so warm soos 'n klip in die Kalaharie, hy laat die deur oopstaan soos een wat in 'n matjiesgoed-huis gebore is. In Natal word weer gehoor: 'n lang, litterige lyf soos 'n bamboesstok, 'n pyp lyf soos 'n ,paw-paw'; in die Bosveld: so skaars soos gesoute perde.

'n Spesiale plek kan in die vergelyking genoem word, of daar kan verwys word na 'n plaaslike geval, bv. te Springbok: 'n plat gesig soos 'n Engelse ,good for' (d.i. 'n geldbriefie wat die werksvolk in die Namakwalandse kopermyne ontvang het); te Bloemfontein: voel soos 'n walvis op ,Naval Hill', die koffie smaak soos Modderrivier se water.

Wat die taalkringe betref kan met enkele voorbeelde volstaan word: Die student praat van 'n waterige neus soos 'n gemiese titrasie; die skoolseun van 'n skewe gesig soos 'n parallelogram; die soldaat van so vriendelik soos 'n sersant-majoor van die rekruite.

(b) Die Boerdery.

Deur die eeue van ons volksbestaan het die boerdery so'n oorwegend-belangrike rol gespeel dat die woord ,Boer' in sy spesiale betekenis 'n volksbenaming geword het. Van beroepsaanduiding het dit oorgegaan tot rasse-aanduiding.

Landbou en veeteelt het 'n vername deel van die boer se ervaringswêreld uitgemaak. Dit het die middelpunt van sy bestaan gevorm. Dit was sy lewe. Daarvan is sy taal die bewys, want hierdie gebied was vrugbaar vir die ontstaan van 'n groot aantal spreekwoorde en vergelykinge.

Wat die veeteelt betref is die vergelyking gesuggereer deur die tipiese eienaardighede in voorkoms, kleur en geluid, die kenmerkende eienskappe, siekteverskynsels en gewoontes van die aparte diersoorte:—

DIE SKAAP: So dronk soos 'n geilsiekskaap, aansukkel soos 'n siek skaap, sleg voel soos 'n galsiekskaap, 'n skewe nek soos 'n krênsiek-boklam (d.w.s. 'n lam wat kringsiekte het), so lastig soos 'n brommer onder 'n skaap se stert.

So lastig soos 'n hanslam, net soveel werd as 'n afgesnyde lamsstertjie, blêr soos 'n verdwaalde lammertjie, vuil hakskene soos 'n winterslam, 'n boepens soos 'n hanslam.

So vet soos lammerooie in die lusernland, so gelukkig soos 'n ou-oui in die hawerland, so hees soos 'n skaapooi, so beneuk soos 'n gusooi.

So dom soos 'n mofskaap, 'n gerimpelde kop soos 'n mofram, 'n plooi-gesig soos 'n mofskaap.

DIE PERD (meestal grappige gesegdes waarin verwys word na die fisiese kenmerke of na die tipiese aksie van die perd): 'n Hol rug soos 'n kaffermerrie, 'n hangkruis soos 'n trippelaar-perd, wye neusgate soos 'n flou perd, 'n bors soos 'n karperd, uitstaan-tande sops 'n perd.

Hardloop soos 'n merrie wat 'n vul by die huis het, draf soos 'n gespande perd, loop soos 'n perd wat halfkrone optel, rondloop soos 'n veldperd, 'n veldmerrie (sonder halter), struikel oor sy tong soos 'n perd oor sy eie pote, trek soos 'n blesperd oor 'n bult, kou soos 'n perd aan 'n bekvol mielies. So uitgelate soos 'n jaaroud-vulletjie, so ontuis soos 'n veldspers in 'n stal, so trots soos 'n vryperd, so lewendig soos 'n stalperd, so wild soos 'n veldsmerrie.

DIE BEES: So dors soos 'n koei wat drie dae oorgeslaan het, so stadig en bedaard soos 'n Frieskoei, so suinig soos 'n opdroegkoei, so sedig soos 'n maagseerkoei, so vuil soos 'n maer koei wat in die modder vasgesit het, so glad (vet, blink) soos 'n slagos.

Hare soos 'n morbees in die winter, 'n uitstaangat soos 'n skelm melkkoei, tweeduimsneusgate soos 'n mofbul, 'n snor soos die weglê-horings van 'n Afrikanerbul, hangskouers soos 'n Afrikanerbul, 'n hangbroek soos 'n grootuierkoei, knypknies soos 'n grootuierkoei.

Klou soos 'n hongerige bosluis aan 'n maer koei, kyk soos 'n koei oor 'n kraalhek, loop soos 'n swak kalfie, lyk soos 'n Frieskoei wat sewe dae in die modder vasgesit het, steun soos 'n os wat in die luserland was.

PLUIMVEE: So lastig soos 'n weglê-hen, loop soos 'n hen wat nes soek, wydsbeen loop soos 'n veerpoothen, sy hare staan soos 'n broeishen se vere, so skaam soos 'n hond wat by die hoenderneeste gevang is, issegrimmig soos 'n broeis hen, so parmantig soos 'n broeis ganswyfie, lyk soos 'n hoenderhaan sonder stertvere, voel (lyk) soos 'n natgereënde hoender, so hees soos 'n makou, waggel soos 'n gans, weglê-tone soos 'n kombuiskuken.

Die saaiery en ander landboubedrywighede lewer meestal vergelykinge wat luimig-skertsende toepassing op die liggaamsdele van die mens bevat:—

Voete so groot soos 'n drieskaarploeg, yl tande soos 'n eg, lang vingers soos 'n gaffel, 'n plooi-gesig soos 'n omgeploegde land, 'n baardgesig soos 'n stoppelland, 'n sproetgesig soos 'n geroeste ploegskaar, tande soos mieliepitte, hare soos mielieblare.

'n Lekker lewe soos 'n vink in die koringland, soos mieliepitte uitmekaar spat, inmekaar sak soos 'n sleggepakte mied, sweet soos tabakblare.

ALGEMEEN: So vet soos 'n wolsak, so reguit loop soos 'n sleggelaaiide kruiwa, wegstaan-tande soos 'n stalvurk, lang tande soos 'n spitvurk, oormekaarkyk soos binneleisels.

(c) Die Ossewa.

Die roemryke rol wat die ossewa in die geskiedenis van die Afrikaanse volk gespeel het is reeds herhaaldelik deur ons digters en skrywers besing. 'n Gevoel van piëteit deurgloei die persoon wat die diepgaande betekenis van hierdie vriend en vesting van ons voorouers probeer deurgrond. Die simboliese trek van '38 was 'n trefende huldebetuiging aan die wa en alles wat daarmee assosieer word. Geen wonder dat die ossewa in baie skoolsale as 'n bron van inspirasie vir die jeug pryk; geen wonder dat hierdie vervoermiddel wat so onafskeidelik aan ons nasie bestaan verbonde is, vir ons die simbool geword het van die Boerekultuur in sy mees omvattende betekenis.

Op die Afrikaanse taal het die ossewa sy spore duidelik en diep afgedruk. Selfs al word hierdie nederige vervoermiddel na eeue van diens deur ander verdring, sal sy invloed op die taal nooit ongedaan gemaak kan word nie. In die taal sal gedurigdeur die grootste monument van getuienis afgelê word vir die noue samehang tussen die ossewa en ons nasieskap. Duidelik word dit deur Malherbe gestel: „Waar so intieme samehang tussen nasiewording en ossewa bestaan, word dit begryplik as die individu gedurig sy beeldspraak uit hierdie suiwer Afrikaanse bron aanvul, soos veral tot uiting kom by skrywer of redenaar, of as in die alledaagse gesprek toevallige vergelyking met een of ander deel van die ossewa ingestrooi word.”¹⁾

Die talryke vergelykinge hang in die eerste plek saam met die trek en die transportryery, insluitende die taak en karakteristieke eienskappe van die os, die bedrywighede met die in- en uitspan, die manewales van die jongosse:—

So dors soos 'n transportos, so baar soos 'n mofos, so moeg soos 'n trekos, so doodmoeg soos 'n agteros, so stadig (flou, betroubaar) soos 'n agteros, so baar soos 'n jongos (. . . soos 'n bees wat vir die eerste keer juk dra), so ongeduldig soos 'n jongos, hy voeter altyd verkeerd in soos 'n skeel os, hy rek hom uit soos 'n lui os, hy's nes 'n os wat gedurig met sy agterlyf teen die tou rem.

'n Bors soos 'n trekos, intrekboude soos 'n trekos, vuil (skurwe) hakskeene soos 'n transportos, 'n slap rug soos 'n togos, wegslyttande soos 'n togos.

Die trekgoed en ander toebehoorsels word genoem in: hy is soos 'n voorslag in die werk (of: so vinnig soos 'n voorslag), 'n noot rek soos 'n voorslagriempie, die vee is so dun soos 'n riem, so lank soos 'n sweep, so oorbodig soos 'n orige jukskei, 'n lang, litterige lyf soos 'n sweepstok; die wa self of onderdele daarvan in: so lomp soos 'n wa sonder disselboom, net soveel werd soos 'n stukkende warem op 'n

¹⁾ Afrikaanse Spreekwoorde, bl. 56.

afdraend, stamp soos 'n bokwa op 'n miershoopvlakke, soveel werd soos 'n wa sonder disselboom, so styf soos 'n langwa, so vuil soos 'n lunsriem, 'n bek (oë, ore) soos 'n wawiel, voete soos remblokke, so nou soos 'n naafband.

Hier kan terloops daarop gewys word dat dit help soveel as 'n vyfde wiel aan die wa (of: so oorbodig soos 'n vyfde wiel aan die wa) nie direk aan die ossewa ontleen is nie. Hierdie uitdrukking is nie alleen in die meeste Germaanse tale bekend nie, maar ook in Latyn, Frans, Italiaans ens., vgl. „Ook ons 16de eeuwsch ,vyfde rad aan den wagen' verskijnt niet alleen reeds in het Mhd. en in 1635 in het Zweedsch en ongeveer 1888 in het Finsch; maar gaat via het M.E. Latijn ,quinta est nobis rota plaustrī' naar Frankrijk (la cinquième roue d'un chariot) en Italië (la quinta ruota del carro)“¹⁾

In die 17de-eeuse klugte kom dit voor: „Die souwenje passe soo wel alsser vijf wielen aan ien wagen doenen.“²⁾ Vgl. origens Ndl. **Het past als het vyfde rad aan den wagen** (Harreb. 2-208), Ndd. **'t is so vol nütt as 't fiefte Rad in de Wagen** (Eck. 382), **Das passt wie das fünfte Rad am Wagen** (Wander 3-1190).

(d) Die Dierewêreld en die Jag.

„Fin comme un merle, mauvais comme une chenille, tête comme un âne rouge, malin comme un vieux singe, bavard comme une pie borgne, poltron comme un lapin“ (aangehaal Wander 3-200).

„Ist Ihnen nicht wohl? Nein, früher hatte ich Bärenhunger, arbeitete wie ein Ochs, war Abends müde wie ein Hund und schlief Nachts wie ein Murrelthier So? dann würde ich mich doch aber an einen Thierarzt wenden“ (Schrader 225).

In alle tale van die wêreld word 'n groot persentasie vergelykinge aangetref waarin verwys word na die dieredom. Die mens wat vanaf die vroegste tye in noue aanraking met die natuur en veral met sy bewoners verkeer het, het hom so vertrouwd gemaak met hul gewoontes, eienskappe en eienaardighede, dat 'n vergelykende samevatting van die handelwyse of karaktertrekke van mens en dier 'n vanselfsprekendheid geword het. Sulke uitdrukkinge het mettertyd tot gangbare beeldspraak uitgebrei en word vandag as gemeengoed in verskillende tale aangetref. Uit die stamland is bv. meegebring: so stadig soos 'n slak ('n skilpad), eet soos 'n wolf, so gulsig soos 'n wolf, stil soos 'n muis, stom soos 'n vis, trots soos 'n pou, swem soos 'n rot, dom soos 'n uil, oë soos 'n valk, slu soos 'n jakkals, nuuskierig soos 'n aap, so ontuis soos 'n uil tussen 'n klomp mossies, ens.

¹⁾ Van Ginneken in *Onze Taaltuin* 3-8-253.

²⁾ Van Moerk., bl. 411.

Suid-Afrika was 'n diereparadys wat die geleentheid gebied het vir 'n nadere en intieme kennismaking met minder bekende of geheel en al onbekende diersoorte. Dat daardie bestudering alles behalwe oppervlakkig was, blyk uit die duidelike stempel wat die diere-wêreld op die taal afgedruk het. Hier was die geleentheid vir oorspronklike naamgewing, vir allerlei nuutskeppinge, vir spreekwoordelike toepassing en aanwendinge. En wie was meer geskik as die boer om deur gedurige aanraking en opmerksamige omgang met die natuur te let op die kleinste beweginkie van selfs die minder belangrike diertjies? Wie het beter as hy hulle gang bespied, hulle gewoontes leer ken, hulle geringste handelwyse bestudeer? Wie kon beter as hy hulle karaktertrekke op die mens toepas of 'n parallel in die diere-wêreld vind vir elke menslike eienskap of bedrywigheid? Dit is tipies dat reeds in een van die vroegste geskrifte die volgende vergelyking voorkom: „want wij ze zo min als de Babiane te spreken krijgen.”¹⁾

Die nuwe omgewing met sy groot verskeidenheid van diersoorte lewer 'n onuitputlike bron waaruit verreweg die meeste en die treffendste vergelykinge vloei. Spreekwoordelik en baie algemeen bekend is bv. **so taai soos 'n ratel** waarin gewys word op dié dier se byna onmoontlike lewenstaaiheid; opvallende kenmerke wat steeds met bepaalde diersoorte assosieer word spreek uit: **so stink soos 'n muishond**, **so skelm soos 'n rooijakkals**, **so kwaai soos 'n geitjie**, **so stadig soos 'n trapsuutjies**, ens.

So nors soos 'n buffel is oud en welbekend. In 'n 17de-eeuse geskrif word 'n onbeleefde persoon verwyt: „Wel schaam je jou niet, Buffel”.²⁾ In ons spraakgebruik geld **„buffel”** vir alles wat nors nukkerig, onbeskof of ongemanierd is. In die Cape Monthly Magazine word bv. gepraat van „ill-tempered, cross-grained people, such as they would ordinarily designate by the term ‚buffel’ or ‚buffelachtige menschen’.”³⁾ Vgl. ook **so nors soos 'n wildebeesbul**, **rondstap soos 'n renosterbul**.

Die geaardheid van elke diersoort lei tot: **so astant soos 'n bobbejaanmannetjie** ('n skerpioen), **sku soos 'n otter**, **kwaai soos 'n tierwyfie**, **so veilig soos 'n skilpad** in sy dop, **so kwaai soos 'n otter**, **so bang soos 'n bobbejaan** vir 'n slang, **so vinnig soos 'n blesbok**, **so rats soos 'n ribbok**, **so wys soos 'n kolmol**, **nuuskierig soos 'n meerkat** (vgl. Fr. *curieux comme une belette*).

Ook die voëls word betrek in: **skree soos 'n kwêvoël**, **raas soos 'n tarentaal**, **so lomp soos 'n pikkewyn**, **skree soos 'n hees korhaan**, **so netjies soos 'n mossienes**, **sku soos 'n tarentaal**, **so bang soos 'n uil** vir die daglig, **so vinnig soos 'n valk**, **deurmekaar soos 'n hamerkopnes**.

¹⁾ Joernaal van Wikar, bl. 54.

²⁾ Van Moerk., bl. 558.

³⁾ 1877, bl. 293.

Opvallende liggaamlike kenmerke word in die vergelyking vasgelê:—

Hare soos ystervarkpenne, regop hare soos 'n bosvark, koue hande soos 'n bobbejaan, omkrul-lippe soos 'n kwaai bobbejaan; 'n tandjierige voorkop soos 'n miskruier, 'n maag soos 'n volstruis, 'n hol maag soos 'n winterslang, spits ore soos 'n wildekat, bakore soos 'n olifantbul, 'n snor so gedraaid soos 'n koedoehoring, so maer soos 'n meerkat (vgl. Hgd. *Mager wie ein Wieselchen*).

'n Lang nek soos 'n reier ('n volstruis), oë soos 'n tjokkerbek-aasvoël, so klein soos 'n tinkinkie, so maer soos 'n kraai, lang bene soos 'n kombuiskuiken ('n sekketaars, 'n reier), gryp-vingers soos aasvoëlkloue.

'n Minder belangrike faktor is die kleur: swart soos 'n slang ('n kraai), bont soos 'n tarentaal, grys soos 'n duif.

Die tipiese gewoontes en handelwyse gee aanleiding tot die volgende vergelykinge:—

Rondswerv soos 'n skilpad (van Pletzen noem die skilpad, the world's most determined hiker'), spoeg soos 'n slang, blaas soos 'n pofadder, slaap soos 'n haas (met oop oë), snuif-snuif loop soos 'n gensbok (van iemand wat verkoue het), boksprong soos 'n duiker, snags rondloop soos 'n roofdier, so alleen soos 'n uitgestote blesbok-ram (koedoebul).

In verband met voëls: wegkruip soos 'n kwartel, dans soos kraanvoëls in 'n mielieland, babbel soos 'n klomp sprees, raas soos 'n kraai wat die eerste in 'n dooie perd se oog gepik het, steel soos 'n kraai, rondtrap soos 'n klomp korhane, wegkruip soos 'n patrys, raas soos 'n klomp voëls wat 'n slang gewaar het, 'n verraaier soos 'n bontkorhaan (wat deur sy verwilderende geskreeu sy skuilplek ver-raai).

Die jag op wild het 'n groot deel van die boer se tyd in beslag geneem: Uitdrukkinge afkomstig van hierdie aktiwiteit is: So bang soos 'n bok vir 'n skoot hael, aansukkel soos 'n gekweste bok, sy agterlyf slinger soos 'n haas wat 'n hou met 'n kerie weg het, so reg soos 'n roer, trek soos 'n koeël, skop soos 'n ou-sanna, spartel soos 'n afvlerk-voël, ore gespits soos 'n skietperd s'n, so dienlik soos 'n halfgebreide bokvel (nie eintlik vir enige bepaalde doel geskik nie).

Van 'n inniger en meer simpatieke aard was die verhouding tussen die mens en sy huisdiere. Eeue van begrypende omgang het die karakteristieke eienskappe van hierdie vriende van die mens so sterk op die voorgrond van die bewussyn gebring dat spreekwoorde-like gesegdes met die huisdiere as uitgangspunt selfs in die oudste tale voorkom. Werk soos 'n esel, sweet soos 'n perd, so moeg soos 'n hond, so dom soos 'n esel, so sterk soos 'n os, so vet soos 'n vark, so honger soos 'n perd, ens. kan beskou word as internasionale gemeengoed.

By al sy getrouheid en onderdanigheid word die hond in etlike uitdrukkinge gebruik om veragting te kenne te gee, vgl. *jou lae, gemene hond! so sleg soos 'n hond, jy sal vrek soos 'n hond*, „om my glo dood te slaan net soos 'n hond” (O.K. 2-19).¹⁾ Hierdie gebruiks-aanwending word reeds by die Romeine aangetref: „Bösartige und zänkische Menschen, besonders Frauen, werden mit Hunden verglichen. . . . est istic clam mordax canis.—. . . Nam dudum uxorem suam esse rabiosam canem.”²⁾

Origens kom die **hond** voor in tallose vergelykinge, ook in gevalle waar dit alleen as versterking dien en alle logiese begripsjuistheid mis³⁾):—

So vinnig soos 'n windhond, bewe soos 'n natgereënde hond, iemand skud soos 'n hond 'n slang, so hoogmoedig (vriendelik) soos 'n hond met twee sterte, so arm soos 'n hond wat aan 'n kaal been kou, so skaam soos 'n hond wat by die hoenderneeste betrap is; so getrou, plesierig, gierig, dors, moeg, siek, nat soos 'n hond.

Baie staaltjies getuig van die spreekwoordelike domheid van die esel. So het hierdie dier op 'n keer, in navolging van die hond, sy geneentheid teenoor sy baas probeer toon deur sy gesig te lek en hom sy poot aan te bied. Insteede van die verwagte lofbetuiging het hy daardeur alleen 'n goeie drag slae bekom.

Naas die oorbekende so dom soos 'n esel kan genoem word: so geduldig, lomp, lui, onnosel, stadig, gedweë, gevoelloos . . . soos 'n esel ('n donkie). In die Duitse spraakgebruik geld die esel vir dumm, träge, plump, tölpelhaft, grob, frech, geil, langsam; vandaar spottend:— Wir wollen ihn bitten, wie man dem Esel (thut) (d.h. mit Schlägen).⁴⁾

Die skynbare domheid van baie diere of voëls word (soms seer ten onregte) in die vergelyking vasgelê: so dom soos 'n gans, 'n eend, 'n hoender, 'n uil, 'n kuiken, 'n koei, 'n skaap, 'n perd, 'n vark, 'n kalf. Vgl. Vls. *zoo dom, dwaas, stom, lomp as e kalf*; Hgd. *Er, sie, ist ein Kalb, ein rechtes Kalb* (besonders beim plumpen Tanzen).⁵⁾

Ten slotte nog 'n paar voorbeelde in aansluiting by wat alreeds in die afdelings oor die invloed van die boerdery en die ossewa genoem is: so vet soos 'n vark, so vuil soos 'n varkhok, uitgevreet soos 'n vetmaakvark, bloei soos 'n vark wat keelafgesny word; lang ore soos 'n Karroodonkie, lyk soos 'n donkie wat oor 'n kraalmuur loer; so honger, moeg, fris, sterk soos 'n perd (Vls. *zoo groot, sterk, dom, dwaas, lomp as 'n perd*); so vals, taai, nat, verlief soos 'n kat (Vls. *zoo grijs, vals, rap as 'n katte*).

¹⁾ Vgl. Malh., bl. 206, Schrader, bl. 138.

²⁾ Otto, bl. 69.

³⁾ Vgl. hfst. 1.

⁴⁾ Schrader, bl. 70.

⁵⁾ Schrader, bl. 88.

(e) Die Bodem en Weersgesteldheid.

Die Afrikaanse boer se absolute afhanklikheid van die natuur en die elemente het hom 'n ware kenner van die weersomstandighede gemaak. Met elke fase van die natuur het hy hom vertrouwd gemaak, in elke verskynsel het hy belang gestel, in elke openbaring daarvan het hy meegeleef.

Al is die vergelykinge wat hierdie gebied oplewer dan ook minder talryk, getuig hulle nietemin van 'n skerp, indringende waarneming.

Tintelende humor en gemoedelike korswil lê opgesluit in baie vergelykinge wat verband hou met die plantewêreld:—

Groot ore soos turksvyblaaie, klein oortjies soos verdroogde perskes, 'n lang litterige lyf soos 'n bamboesstok, so skurf soos 'n aalwynwortel, skurwe hakskene soos vleipatats, 'n groot kop soos 'n laat ui, hare soos doodgerypte gras, hare wat staan soos fluitjiesriet in die wind, 'n gesig soos 'n verrimpelde peer (kalbas) — 'n verlepte kweper, 'n kop soos 'n voos pampoen, lang vingers soos 'n duiwelsdoring, so droog soos 'n tontelbossie, bloos soos 'n roos.

Kleur, geur, vorm en smaak is hier belangrike faktore: so wit soos 'n lirie, so rooi soos 'n roos, so groen soos gras, so bitter soos aalwyn, so mooi soos 'n malva. Vgl. Mndl. „Haer adem roec als galigaen” (Ferguut).

In verband met die weer: so haastig soos 'n haelbui, so vinnig soos die wind, so weg soos 'n warrelwind, so veranderlik soos die weer (die wind), so hewig soos 'n storm (die wind), so dreigend soos 'n onweer (Ndl. *Het klinkt zoo geweldig als een onweer*), so hoog soos die wolke (die hemel), so ver soos 'n ster, so aanhoudend soos 'n Vrystaatse droogte, so vervelend soos Augustusmaand se winde, so eentonig soos 'n motreën (vgl. Eng. *as long as a wet day in the country*), 'n gesig soos 'n driejarige droogte, 'n gesig soos 'n sewedaagse reënweer (vgl. Ndl. *Hij kijkt oet as drei doag slecht weer*, Hgd. *er sieht aus wie drei Tage Regenwetter*), ens.

Die geaardheid van die bodem: so glad soos 'n potkleipad, so dors soos 'n brakland ('n woestyn), so blou soos die berge, so oud soos die berge, skurwe hakskene soos 'n gruispad, stamp soos 'n plaaspad, 'n gesig soos 'n miershoopvlakte, ens.

(f) Die Huishouding.

Net soos die boer se aandag hoofsaaklik in beslag geneem word deur die buite-bedrywighede op die plaas, is dit die huishoudelike werkies en binnenshuise versorging wat die daaglikse roetinegang van die vrou uitmaak. Die eindelose gewerskaf in die kombuis en die onafgebroke voorbereiding van voedsel speel hier die grootste rol. Dit is die een gebied van die lewe waar daar nooit werklike stilstand kom nie.

Beelde afkomstig, van die huishoudelike werksaamhede is baie algemeen:—

Groot ore soos 'n wafelpan, 'n bakoond; boude soos twee boerbrode, skurwe hakskene (lippe) soos 'n boerbeskuit, 'n gesig soos opgerysde suurdeeg, 'n hol gesig soos 'n toegeslaande askoek, 'n stem soos 'n koffiemeul, hol toonnaels soos 'n soplepel, voete soos strykysters, hande soos vetkoeke, wange soos twee speenvarkboudjies.

So vol soos 'n opgestopte kalkoen, so suf soos 'n pot afgewaterde kool, so bruin soos boontjiesop, so swart soos 'n bakoond ('n stoof), so besig soos die wafelpan op nuwejaarsdag, so regop soos 'n stroopblik op 'n kombuistafel, so rooi soos 'n ou-tannie wat 'n warm bakdag gehad het, so sekuur (presies) soos 'n bottervorm, so eentonig soos 'n roomafskeier, so glad soos 'n botterspaaan, pas soos spek by boontjiesop, lyk soos een wat in die karringmelk geval het.

Die skrywer in Ons-Klyntji (2-158) wat sê: „so warm soos 'n eier in 'n ketel kookwater”, ontleen sy beeld aan dieselfde lewenssfeer as Van den Heever in **Kruispad**: „Die koppe staan alreeds aanmekaar soos mosbeskuit in 'n pan” (bl. 78).

(g) Die Bybel.

Die diep godsdienstige karakter van die Afrikaanse volk kan as so algemeen bekend veronderstel word dat 'n lang uitweiding oor die rigtinggewende en lewenshouding-bepalende invloed van die Bybel 'n oorbodigheid sal wees. Die Bybelse voorskrifte het by ons voorouers elke gebied van die lewe beheers; die Bybelse geskiedenis is op eie omstandighede en ervarings toegepas; die **Boek** self was die hoogste en enigste gesag, die suiwerste bron van geïnspireerde en absolute waarheid, die heilige en onvervalste woord van die Skepper self. Daarom is dit so onmoontlik om 'n uiteensetting van die Afrikaner se volksaard te gee, sonder inagneming van sy gelowige gehegtheid aan die Bybel en die vormende en behoudende invloed daarvan op sy lewensloop. Dit was die Boek wat die rigting aangedui het waarlangs hy sy lewensbane moes stuur, dit was die bron van vertroosting as rampe hom oorweldig het of die dood hom in die aangesig gestaar het.

By die opvoeding het die Bybel as die eerste en soms as die enigste boek gegeld. Die belangrike en die uiteindelik doel van die onderwys was om die leerling in staat te stel om persoonlik met die Bybel te mag omgaan en sodoende leiding te verkry vir sy verdere lewenstaak.

By so'n voortdurende omgang met die Bybel is dit begryplik dat die invloed daarvan ook die volkstaal diep sal deurdring. Nog die toenemende afvalligheid en wêreldse ligsinnigheid, nog die stygende onkunde aangaande Bybelse aangeleenthede sal ooit die spore van hierdie invloed kan uitwis, so sterk is dit in die taal vasgewortel.

Taalgeleerdes het al dikwels gewys op Bybelse spreekwyses en ander invloede van die Skriftaal op die volkstaal.¹⁾ Tipiese spreekwyses, uitdrukkinge en vergelykinge speel hier 'n groot rol, veral insoverre verwys word na eienskappe en karaktereienaardighede van Bybelfigure. Reeds Jan van Riebeeck het hom in sy dagboek van so'n vergelyking bedien, waar hy vertel dat die vertolkster Eva net so vasgeklou het aan haar oom Harry as Ester aan Mordegai.

Algemene vergelykinge met **BYBEL**: Praat soos die Bybel, aan iets so vas glo soos aan die Bybel, lyk soos een wat die Bybel ingesluk het.

Vergelykinge met die liggaamlike of geestelike eienskappe van Bybelfigure:—

So sterk soos Simson (Rigt. 15:14-15), so sterk soos Goliat (1 Sam. 17), so ongelowig soos Thomas (Joh. 20:25-27), so kuis soos Josef (Gen. 39:7-12), so geduldig (treurig, arm) soos Job (Job 1:21; 2:10), voel soos Job op die ashoop (Job 2:8), (vgl. Ndl. *zitten als Job op den mesthoop* — Job 1:13-19), so slim soos Salomo (1 Kon. 3-28), so lank soos Saul (1 Sam. 9:2), so oud soos Metusalem (Gen. 5:27), so vals soos Judas (Matt. 26:14-15), so arm soos Lasarus (Lukas 16:22-23), swaar van tong soos oorlede Moses (Ex. 4:10).

Vergelykinge ontleen aan die een of ander voorval uit die lewe van 'n Bybelse persoon:—

So bang soos Haman vir Mordegai (Ester 6), so veelklurig soos Josef se rokkie (Gen. 37), so dronk soos Noag onder die prieel (Gen. 9:20, 21), so mooi soos Rut op die koringland (Rut), so kaal soos Eva (Gen. 3:7), so veilig soos Noag in die ark (Gen. 7), so veilig soos Moses in die biesiemandjie (Ex. 2-3), iets insluk soos die walvis vir Jona (veral van politieke partye gesê) (Jona 1:17), hy's nes Bileam se esel, hy praat altyd uit sy beurt uit (Num. 22), so skelm soos 'n skrifgeleerde, vriende soos Dawid en Jonatan (1 Sam. 18), staan soos Lot se vrou, . . . soos 'n soutpilaar (Gen. 19:26), staan soos 'n arme sondaar (deur Lauril. in verband gebring met die gelykenis van die Fariseër en die Tollenaar),²⁾ lieg soos Ananias (Hand. 5:3-5), brand soos die braambos van Moses (Ex. 3-2), so verlate soos die verlore seun by die varkhok (Luk. 15:14-16).

Ndl. *Een gezicht hebben gelijk een Zebedeüs* (bedrukt, deerlijk, beschaamd) (Mar. 1:19-20)³⁾, *zij ziet er uit als Magdalena* (bedroefd,

¹⁾ O.a. Die Bybel en ons taal (jaarb. 7 (1916) v. d. Z.A. Akademie) deur D. F. Malherbe; Bijbelsche Spreekwijzen (Z.A. Tijdschr. Des. 1878); Bijbel en Volkstaal (Dr. K. Laurillard); Namen en spreekwijzen aan den Bijbel ontleend (Dr. J. Herdersschee).

²⁾ Luk. 18:10-14, vgl. Lauril., bl. 56.

³⁾ Vgl. St. 2-524.

mistroostig).... *als een bedrukte moeder Gods*¹⁾, *hij gaat er op af als Paulus op de Corinthiërs* (van iemand die moed aan volharding paart, om eene ondernomen zaak wel te doen slagen)²⁾, *liegen als een wachter* (kras liegen) (de aanleiding voor het gebruik van dit spreekwoord is gelegen in Matth. 28:13. De wachters bij Jezus' graf moesten op aanstoken der overheid zeggen, dat de leerlingen van Jezus s'nachts gekomen waren en zijn lijk hadden gestolen).³⁾

Minder bekend is *Hij rijdt als een Jehu* (aangehaal in die Z.A. Tijdschr., Oct. 1878, waar ter verduideliking toegevoeg word: „De stomme paarden zullen wel eens kunnen getuigen wat het beteekent als van iemand gezegd wordt: ‚hij rijdt als een Jehu!’”)⁴⁾

Toespeling op Bybelse gebeurtenisse:—

Op iemand afstorm soos die bese gees op die Gadareense swyne (Luk. 8:33), so hoog soos die toring van Babel (Gen. 2:1-9), rondswerf soos die Israëliete in die woestyn (Num. 14:33-35), smaak soos manna in die woestyn (Ex. 16), eet soos die Israëliete (d.w.s. staan-staan—vgl. Ex. 12:11), 'n gewete soos die breë weg (Matt. 7:13-14), 'n lewe soos in die paradys, so oud soos die ark (vgl. Ndl. vooruitgaan *gelijk de ark van Noë*—Joos 24), 'n lawaai soos op die oordeelsdag (vgl. Ndl. *een leven als een oordeel* (een oordovend geraas); „het laatste oordeel zou met grote omkeringen en teekenen gepaard gaan en onder bazuingeschal zou Christus ten gerichte verschijnen” (Matth. 24:31)⁵⁾, so verwaaid soos 'n bosduivel (vgl. Ndl. hij ziet er uit als een boschduivel) (Jes. 34:13-15).⁶⁾

Die skertslus kom tot uiting in komiese toespeling of grappige verdraaiinge:—

'n Blink gesig soos oorlede Moses s'n (Ex. 34:29-35), 'n stem soos die bul van Basan (Amos 4:1), so lank soos psalm 119, 'n geheue soos Metusalem, wye neusgate soos Jerusalem se poorte, voel soos Adam in 'n modewinkel (erg ontuis), lyk soos Jeremia se klaagmuur (vgl. *Als het beest uit de Openbaring* — een vergelyking toegepast op iemand die er niet zeer net uitziet, noch fatsoenlijk zich gedraagt).⁷⁾

Direkte aanhalinge van vergelykinge uit die Bybel:—

Kom soos 'n dief in die nag (Petrus 3:14; 1. Thes. 5:12), kom soos 'n engel uit die hemel (Dan. 3:19; Gen. 19:1) (vgl. ook die Nederlandse gebruik „om van iemand, die juist ter goeder ure komt en die bijzonder welkom is, te zeggen, dat hij komt als een engel uit

¹⁾ Vgl. Joh. 20:11, Welters, bl. 114.

²⁾ Lauril., bl. 58; vgl. 2 Kor. 13:2.

³⁾ Herders, bl. 63.

⁴⁾ bl. 209; vgl. 2 Kon. 9:16.

⁵⁾ Herders, bl. 40.

⁶⁾ Vgl. Lauril., bl. 90.

⁷⁾ Herders, bl. 12.

den hemel")¹⁾, rondloop soos 'n briesende (brullende) leeu (1 Petrus 5:8), versigtig soos 'n slang en opreg soos 'n duif (Matt. 10:16), . . . soos die sand van die see (Jes. 10:20; 1 Kon. 4:20; Hosea 1:10 ens.), iemand liefhê soos die appel van jou oog (Spreuke 7:2), verdwyn soos kaf voor die wind (Job 21:18; Psalm 1:4), so onmoontlik as wat 'n kameel deur 'n naald se oog kan gaan (Matt. 19:24), so onmoontlik as wat 'n vyeboom pere (perskes, olywe) kan voortbring (miskien bevorder deur Jak. 3-12: 'n vyeboom, my broeders, kan tog nie olywe voortbring, of 'n wingerdstok vye nie?).

(h) **Historiese figure en spreekwoordelike persoonlikhede.**

„Gebruikmaking in spreekwoord en -wyse van persoonsname, of hulle nou historiese of gefantaseerde persone aandui, is 'n bekende verskynsel by die meeste volke. In die reël is dit nie groot nasionale lotgevalle van 'n volk of beslissende gebeurtenisse wat die nageslag vashou in sy spreekwoordelike eiename nie. Intendeel is dit veelal individuele eienskappe, een of ander voortreflikheid of ondeug van 'n persoon, wat op dié wyse verewig word.”²⁾

Die ou Romeine het bv. gepraat van **castior Hippolyto**, terwyl Cicero in 'n brief aan sy broer gebruik maak van die uitdrukking **Diphilo tardior**, waarin verwys word na die boumeester Diphilus wie se stadigheid spreekwoordelik geword het.³⁾

Die bekendste voorbeeld in Nederlands is **praten als Brugman** ('n Amsterdamse geestelike wat in die vyftiende eeu weens sy gevierde redenaarstalent bekendheid verwerf het).⁴⁾ Hier kan ook genoem word **eten als Overbeek** („t wordt den poët Overbeek nagegeven dat hij als hij wilde, bijzonder sterk kon eeten; en dus op een Rotterdamsche kermis aldaar vierentagtig wafelen achtereën opat”).⁵⁾

Afgesien van Bybelfigure of klassieke persoonlikhede wat spreekwoordelik geword het (bv. Job, Josef, Ismael; Croesus, Nero, Apollo), sal in alle volkstale voorbeelde aangehaal kan word van persone wie se opvallend-eienaardige eienskappe in 'n meer of minder uitgebreide spraakgebied in die vorm van 'n vergelyking vasgelê is. Iedereen sal weet van dergelike uitdrukkinge waarin verwys word na 'n spesiale persoon, hetsy uit sy eie bepaalde vriendekring, hetsy uit die breër kring van sy omgewing. Sulke vergelykinge geniet meestal slegs tydelike gangbaarheid in 'n beperkte omgewing. Voorbeelde is

¹⁾ Lauril., bl. 78.

²⁾ Malherbe, bl. 104.

³⁾ Vgl. Wander 2-1789.

⁴⁾ Vgl. Stoett 1-145.

⁵⁾ Arch. Ndl. Taalk. 4-28.

veelvuldig, maar om begryplike redes kan die gesegdes, wat selde vleierend is en waarin gewoonlik na nog lewende persone verwys word, nie op skrif gebring word nie. Vergelyk egter die Namakwalandse so skeel soos Nelson en so oud soos ou Krisjan wat van oudardom dood is. Besonder uitgebreid is die gebruik van die vergelyking so sterk soos . . . , waarin 'n persoon genoem word wat deur sy buitengewone liggaamlike krag die aandag getrek het. Origens is veral gebruiklik so suinig, lui, mal, arm, stadig, skelm, dronk . . . soos ou Piet X.

'n Baie ou voorbeeld uit die Afrikaanse volkstaal word deur E. Stockenström genoem.¹⁾ So kwaai soos ou Martha Ferreira het spreekwoordelik geword na aanleiding van die manhaftig-agressiewe houding wat genoemde vrou ingeneem het, veral teenoor die Kaffers. Weens haar voortvarend-opvlieënde humeur en haar onsagte behandeling van die Kaffers, is sy in 1812 voor die Swarte Rondgang gedaag en met 'n groot som geld beboet. As 'n dogter gevolglik effens buierig of kortgebonde was, het haar moeder haar gewaar-sku: „Ek dag ou kwaai Martjie Ferreira is al lank dood en waarlik hier staan sy nog voor my!”²⁾

Ongeveer twintig jaar gelede was so sterk soos Pagel (wie se kragtoertjies in die sirkus algemene bewondering afgedwing het) algemeen gebruiklik, soseer dat baie ouers hulle seuns na Pagel ver-noem het. Vandag word weer gepraat van so sterk soos Van der Walt (die bekende stoeier).

So rats soos Japie Krige³⁾ het plek gemaak vir so rats soos Tarzan (wie se romantiese figuur deur die rolprent lewendig gehou word); so wreed soos Dingaan is as gevolg van die sterk gevoels-assosiasie wat dit meebring diep vasgewortel in die volkstaal; 'n kop soos Bismarck is verouderd, maar so dapper (glad, geslepe) soos De Wet word nog dikwels genoeg gehoor. Dit is heeltemal begryplik, want „sy ontsnappinge het tot 'n reeks aangegroei om byna legendariese befaamdheid, ook by die Engelse, te verwerf”⁴⁾; in die Noord-Vrystaat is nog bekend: toor soos ou Steenkamp ('n bekende figuur aan wie die vermoë toegeskryf word om enige toordery of goëlery dadelik stop te sit — hy sou selfs 'n slamaai se moses wees); Ndl. zoo wis als Pels (nou verouderd) verwys na 'n bekende handelaar in Amsterdam, terwyl Hgd. so reich wie Rothschild betrekking het op die ryk Joodse bankier en finansier.

'n Aparte groep vergelykinge bevat eiename waarvan die her-koms moeilik vas te stel is, of wat eenvoudig willekeurig-gefanta-

¹⁾ In 'n artikel: Martha Ferreira in Die Huisgenoot.

²⁾ Die Huisgenoot, Junie 1916, bl. 45.

³⁾ Die befaamde voetbalspeler.

⁴⁾ Die Huisg. 29/3/'39, bl. 31.

seerde name is wat aansluiting vind by 'n bepaalde gevoelsuiting of voorstelling:

Voel soos Maljan onder die hoenders (Ndl. *er in vallen als malle Jan onder die hoenders* — er plomp invallen); Afr. sowel as Ndl. *kyk* (kijken) *soos* (als) *Piet Snot*; Afr. *dit help so min as ou Freek se skyt* (moontlik het Freek hier betrekking op 'n kleurling); Afr. *so alleen soos Piet Maaifoedie*; Gron. *staan as Jan van Veeren* (vgl. Ndd. *he sit as Jan van fêrn*); Gron. *met die ogen knippen als vrouwe de Vries*; Ndl. *zij is zoo makkelijk as Mariebuur* (zij houdt erg van haar gemak); Hgd. *Er sitzt wie der Bürgermeister von Zinten* (recht bequem, breit und behaglich); ndd. *he is so êrlich as die Jud von Altona*. (In die laaste paar voorbeelde word na spesiale gevalle verwys).

Dié vergelyking kan in die meer uitgebreide vorm van 'n spreekwoordelike segswyse voorkom. Afr. *Dan begin ons weer van vooraf aan, soos die koster met psalm 119*; vgl. Gron. *dat gait al weer van veuren of an, net as de koster van Garrelsweer*, (wanneer nl. iemand bij herhaling iets beproeft, dat niet in den smaak valt van hen, die daarvan getuige zijn. 't Heet dat genoemde koster psalm 119 moest zingen, en telkens de wijs missende, uitriep: van veuren of an).¹⁾

In Afrikaans word die anekdotiese vorm van die vergelyking bykans nooit aangetref nie. In die Nederlandse en Duitse dialekte is dit daarenteen 'n baie geliefde vorm:

Hij is zoo eerelk as Jochems Kuelske, dei stoel meel en brocht zak weerom (spottend van iemand die niet alte eerlik is, maar zich evenwel op zijne eerlikheid beroemt) (Molema 530); Ndd. *He is nett so dumm as Gert sin Môr, de bacht Mehlpöt* (Pudding) *in de Stêfel, un Pankôk in de Slur* (Pantoffel) (Eck. 88); Hgd. *Sei nicht eigensinnig wie Hans — der sollte an dem Galge und wollte nicht* (Seiler 167).

Lyk (staan, voel, ens.) *soos Uilspieël in die maanskyn* wat ook in Duits bekend is, hou verband met die denkebeeldige kaskenades van die legendariese Uilspieël, waarvan die 20ste vertel „wie Ulen-spiegel in dem mondschein das meel in dem hoff bütelt.“²⁾

(i) Rasse en ander persoonsgroepe.

Die kenmerke van rasse, streekbewoners of kleinere persoons-groepe word dikwels spreekwoordelik in die vorm van vergelykinge weergegee. Dit spreek vanself dat so'n beoordeling en waardebe-paling louter subjektief is. Elke volk het immers sy eie opvattinge aangaande die deugde en gebreke van ander.

Die Franse sê bv.: *so grof soos 'n Duitser, so dom soos 'n Sjinees, so ellendig soos 'n Spanjaard, so gierig soos 'n Jood, so wraaksugtig*

¹⁾ Molema 222.

²⁾ aangehaal deur Schonken, bl. 182.

soos 'n Italianer, so lomp soos 'n Engelsman, so roofsugtig soos 'n Arabier.¹⁾

Die Hollanders praat van: arm als een Ierlander, een Kozak, een Laplander; door 't huis lopen als wilde Ieren; drinken gelijk een Polak; zoo smerig als een Drent; 't gaat er Spaansch-Poolsch bij langs (als het ergens zeer onordelijk toegaat). Vgl. Hgd. *er ist schläfrig wie ein Schlawonier* („Die Schlawonier ist von Anbeginn gewesen ein unlustigh Volk und ungetreu, und is sich uff nixten gab, den uff viel Schlaffen, in welchen alle seine Seligkeit stand, und wurden im ganzen Landen ein Sprichwort der unlust.”)²⁾

Hierdie vergelykinge spruit meestal uit 'n gevoel van chauvinistiese selfoorskating of selfverheerliking. Die spot word gedryf met alles wat nie strook met eie volksaard nie. Minder goeie eienskappe of twyfelagtige handelinge word liefs op rekening van ander geplaas. Dit is weer die geval van die splinter in die buurman se oog wat deur 'n vergrootglas bekyk word. Die Afrikaner sê bv.: **Vloek soos 'n Hollander**; die Hollander sê **vloeken als een poep** (Duitser); die Duitser sê: **fluchen wie Franzosen**. Slegs by wyse van uitsondering word aanprysenswaardige eienskappe in hierdie vergelykingstipe genoem, bv. Ndl. **moedig als een Belg** (een Vlaming), **sterk als een Turk**.

Die vergelykende voltooiing kan soseer in gebruik toeneem dat dit ook buite die grense van begripswaarskynlikheid aangewend word. So'n modewoord dien dan alleen as versterking van die begrip, vgl. Afr. . . . **soos 'n Jood**, Ndl. . . . **als een Turk**. Laasgenoemde dateer uit die tyd toe die Turke die verskrikking van die Europese volke was: „*Er ist stark wie ein Türke* (aus der Zeit, wo die Türken ganz Europa in Schrecken setzten. Jetzt könnte man eher sagen, schwach 'und ohnmächtig wie die Türken')”³⁾ Vgl. Ndl. *vechten als een Turk*, *zoo mager als een dooie Turk*, *in Turkeie gaat 't raar te keer, aan de Turken overgeleverd zijn*; Von Wielligh gebruik selfs **so gelukkig as 'n Turk**.⁴⁾

Juister is die vergelykinge waarin liggaamlike eienskappe genoem word. In Argentinië waar 'n groep Wallissers hulle gevestig het, het so maer soos 'n Wallisser spreekwoordelik geword.⁵⁾ Vgl. ook Afr. **groot voete soos 'n Hollander**, **'n dik nek soos 'n Duitser**, **'n vaatjie-maag soos 'n ryk Jood**; Ndl. *een baard als een Zwitster*, *groot als een Hottentot* (een Laplander).

Van belang is die gelaatskleur: Ndl. *bruin als een Bohemer*, *een Spanjaard*; Duits *gél wie en Tatter* (daarenteen Afr. **jou swarte**

¹⁾ Vgl. Wander 4-139.

²⁾ aangehaal deur Frischbier, bl. 233.

³⁾ Wander 4-770.

⁴⁾ Jacob Platjie, bl. 112.

⁵⁾ vgl. Die Huisg. 10/11/'39.

tater!); Afr. geel soos 'n Boesman, swart soos 'n Kaffer, bruin soos 'n baster, rooi soos 'n Engelsman.

Die Jood wat in die vergelykinge van baie tale genoem word, word selde in 'n gunstige lig gestel:

Afrikaans: So skelm (lafhartig, vuil, vals) soos 'n Jood; so bang soos 'n Jood vir water; 'n baard soos 'n Joodse rabbi; so skeel soos 'n dronk Jood, lawaai soos in 'n Joodse skool, skree soos 'n Jood (trouens, alles wat sleg is word met die Jood vereenselwig).

Nederlands: *Hardnekkig (gierig) als een Jood; schreeuwen als een Jood, die gebrandmerkt wordt.*

Duits: *Er flucht wie ein Polnischer Jude; verloren wie eine Judenseele; Ndd. Onschöldeg wie ennen achzegjörege Jöd.*

Die Engelsman met sy lewensfilosofie en -aard wat direk teen die van die Afrikaner indruis, moet dit ontgeld in: perdry soos 'n Engelsman; 'n perd opklim soos 'n Engelsman (die verkeerde voet in die stiebeuel plaas); spit soos 'n Engelmans (die graaf agterstevoor hou); so bang, onhandig, onnosel soos 'n Engelsman; so dronk soos 'n „Lord”, „maniere soos 'n groot Engelse Lord”¹⁾.

Om 'n baie hoë graad van onbevoegdheid of onbetroubaarheid uit te druk, word in Afrikaans by voorkeur gebruik gemaak van Kaffer, Hotnot, Boesman:—

Boer soos 'n ryk Kaffer (agterstevoor); baar soos 'n kraalkaffer, 'n Vaalpenskaffer; slegter as 'n pikswart Kaffer; skelm soos 'n Tamboekie; wegloop soos 'n slegte Kaffer; steel soos 'n Xosa; so sleg soos 'n skoolkaffer; 'n maag soos 'n Korannakaffertjie; (vgl. ook die grappige: weglêtone (skurwe hakske, plat voete) soos 'n kombuis-meid ('n stalkaffer)); so dood soos 'n dronk Hotnot; so brutaal soos 'n Kaapse kleurling; baklei soos Kaapse volk; so skelm soos 'n Boesman. Die woord meid het in ons spraakgebruik al sinoniem geword met lafaard, vgl. „jou ou meid!”

Verwysings na die Duitsers is in Afrikaans minder algemeen as in Nederlands, alhoewel staaltjies in verband met hulle nie ontbreek nie. Reeds in Ons Klyntji „stonden heelwat grapjes over de moffen (zooals ze ook hier heetten); een Zwabe (Swaap) was spreekwoordelijk dom, een Hes lomp en een Polak trots.”²⁾

Verder kan genoem word: so kwaai soos 'n Duitser, drink soos 'n Duitser, vloek soos 'n Duitse matroos.

Op dieselfde wyse word persone wat in bepaalde beroepe of ampte gegroepeer word ook met sekere eienskappe geassosieer. In die Middeleeue bv. was die geneigdheid van die meulenaars tot ongeoorloofde liefdesavonture spreekwoordelik; in die 17de eeu word ge-

¹⁾ Op Veld en Rante, bl. 126.

²⁾ Het Nauwe Verband, bl. 7.

skryf: „zoo lui als een stads Metzelaar.”¹⁾ Vgl. ook Ndl. *praten als een burgemeester, een buik als een burgemeester*; Hgd. *geduldig wie ein Catholischer Kantor*.

In die Afrikaanse volkstaal word die predikant op gemoedelikskertsende wyse aan die kaak gestel: so ontydig (skynheilig, nugter) soos 'n predikant, so skaars soos predikante in die hemel, staan soos 'n predikant wat sy preek vergeet het, so parmantig (bedorwe) soos 'n predikantskind, (Ndl. *gierig als een paap*). Ook die student moet dit dikwels ontgeld. Karl Weber het bv. gesê:— „Ich habe mich schon oft gewundert, dass nicht durch ganz Europa das Sprichwort läuft: Grob, flegelhaft wie ein Deutscher Student.”

Origens kan o.a. genoem word: so slim (skelm) soos 'n advokaat, lieg soos 'n advokaat; vloek, lieg, drink soos 'n matroos; stap soos 'n magistraat, ry soos 'n ,juts', so ryk soos 'n regter; so ongeduldig (vitterig) soos 'n oujongnoot; vgl. Ndl. *zoo dik als advocaten in de hel*.

(j) **Kultuurtoestande en volksgewoontes.**

Die vergelyking kan ontleen wees aan 'n prent, 'n beeld, 'n tekening, 'n volksgewoonte, 'n bepaalde gebeurtenis of 'n voorval van lokale aard wat tydelik die middelpunt van die belangstelling gevorm het. Sodoende kan dit ou kultuurtoestande in herinnering roep en 'n fase van die volksgesiedenis blootlê, of dra dit die spore van gewoontes of gebeurtenisse wat met verloop van tyd ver op die agtergrond geraak het. Tereg wys Otto daarop „das gerade das Sprichwort manchen höchst interessanten und tiefen Einblick in das Innere des Volkseeele gewährt und uralte Anschauungen und Gebräuche noch lange im Sprichwort fortleben, nachdem sie in der Wirklichkeit längst abgestorben sind.”²⁾

Lyk soos 'n geskeurde Trap der Jeugd (deur Changuion en Malherbe vermeld), wat herinner aan die onderwysstelsel van 'n vervloë eeu, sal wel nie meer in die volkstaal bekend wees nie. Anders gesteld is dit met **lyk (staan) soos die dood in ou Sluyter** wat nog dikwels gebesig word, veral deur bejaarde persone. In dié vergelyking word verwys na 'n prentjie wat voorkom op bl. 41 van W. Sluyter se **Buyten-Leven aenwysende, hoe men op een slechte eensame plaats vernoegt mag leven, meer dan in 't gewoel van groote aensienlijke steden**. In die prentjie word die dood voorgestel as 'n lang, maer geraamte met 'n doodsekel in die linkerhand, terwyl die regterhand aan 'n deur klop.³⁾ Die groot populariteit wat die werke van

¹⁾ Van Moerkerken, bl. 52.

²⁾ Uit voorwoord van: Die Sprichwörter der Römer.

³⁾ Vir hierdie besonderhede is ek baie dank verskuldig aan Prof. Chris Coetzee van Potchefstroom.

Sluyter geniet het blyk uit die feit dat 'n vergelyking wat daaraan ontleen is algemene ingang by die volk gevind het.

In bovermelde geval het ons te doen met 'n veranderde toepassing van 'n welbekende vergelykingstipe. Die stamtaal ken immers genoeg vergelykinge waarin daar verwys word na 'n skildery, 'n tekening of 'n beeld van die dood. Vgl. by. Ndl. *Hij ziet er uit als de dood van Ieperen*¹⁾ (wat saamhang met 'n afbeelding van die dode-dans); Hgd. *Er sieht aus wie der Tod von Kiewten* (auf der Portale der Kirchhofsmauer steht ein steinernes Todtengerippe); *er sieht aus wie der Tod von Dirschau*; *he sütt út as de Dod van Lübeck*. Vgl. verder *Hij ziet zoo bars als schoppenknecht, he sütt út as Schüppenbûr*; *so bunt as de Gagelower Kirche, so bunt as de libberheuser Keärke*.²⁾

Volksgewoontes word genoem in: Dit pas soos gemmerbier en soetkoekies by 'n nuwejaarsfees, so besig soos die wafelpan op nuwejaarsdag. Laasgenoemde is tegelyk 'n treffende illustrasie van hoe die voorstellingsinhoud verander om aan te pas by plaaslike omstandighede. In Nederlands lui die uitdrukking: **zij heeft het zoo druk als de pan te vastelavond** (dien dag worden er velerlei pannenkoeken gebakken, ook wafels); vgl. ook Ndl. **zij vliegen meer als de heete koekpan op Vastenavond** (gezegd ven lieden, die haastig rondloopen om iets te verrichten.)³⁾

Dergelike gewoontes of eenaardighede het ook aanleiding gegee tot die volgende:— **Hij is zoo dik als het varken van Sint Teunis** (In de Middeleeuwen genoten de broederschappen van Sint Antonius het voorrecht om de varkens, die zij teelden — althans een zeker getal — vrijelik op straten en markdens te laten rondloopen);⁴⁾ **zo welkom als de eerste dag in de vasten**; **het is hem zoo eigen als de muts met bellen aan den nar** (wat herinner aan die eenaardige kleding van die hofnar); **er is geputzt wie ein Jahrmarktochse** (na aanleiding van die gewoonte om by geleentheid van die jaarmark 'n os wat buitengewoon groot is met kranse en veelkleurige bande te versier en deur die strate te lei; vgl. hiermee **so blink (trots) soos 'n vryperd**; **es kommt ihm an wie dem Bauern das Aderlassen** (Von der Gewohnheit der Landleute hergenommen, sich von Zeit zu Zeit, auch bei völliger Gesundheit, die Ader Schlagen zu lassen).⁵⁾

Ndl. **Zoo dronken als een kraai** kan verklaar word uit die gewoonte om voëls te vang met behulp van met-drank-deurweekte graan. „Boerenjongens vingen en vangen in Twente nog wel eens

¹⁾ Volgens Kritzinger en Steyn ook in Afr. bekend.

²⁾ Eck., bl. 67.

³⁾ Alles by De Cock — Gebr., bl. 259.

⁴⁾ De Cock — Gebr., bl. 259.

⁵⁾ Frischb., bl. 9.

fazanten, houtduiven, wilde ganzen door hun rogge voor te strooien die een dag op zgn. voorloop gestaan heeft; die dieren zijn al gauw zoo dronken dat ze over de kop bolteren.”¹⁾)

Interessant is die vergelykinge wat voortvloei uit 'n bepaalde belangwekkende gebeurtenis; hulle word selde blywend in die volkstaal opgeneem. So gelyk soos Verneukpan is dikwels gehoor kort nadat Campbell, met sy motorsnelheidsritte die aandag van die wêreld op daardie gebied gevestig het. So vervelend soos '33 se stofstorms en verdwyn soos 'n Hellieskomeet (Halley's comet) word nog dikwels gehoor. So eners soos Moerdyk se kerke is in die Suid-Vrystaat bekend, terwyl so krom soos Kimberley se strate al meer as lokale gangbaarheid verkry het. In hierdie opsig is dit van belang om daarop te let dat ingrypende uiterlike omwentelinge of omstandighede ook 'n wysiging in die inhoudsvoorstelling van die vergelyking teweeg kan bring. Die welbekende Engelse vergelyking, *as safe as a house*, is sedert die uitbreek van die oorlog skertsenderwyse vervang deur *as safe as sandbags*! Dink in hierdie verband ook aan die tans gangbare uitdrukking: *as scarce as a pound of butter in a rationed country*.

Ou woorde of woorde wat geleidelik besig is om uit die volkstaal te verdwyn, word dikwels nog in die vergelyking bewaar. Vgl. Ndl. zoo helder als een brand (waar brand 'n ou woord vir swaard is); Afr. 'n mond soos 'n skepel; kwink (d.w.s. tril) soos 'n viifk (vgl. Ndl. *kwinkeleren als een nachtegaal*); so krom soos 'n duig (duig: elk der gebogen stukken hout waaruit het schroefblad van een vijzel is samengesteld²⁾); dit pas soos 'n vuurslag by 'n tonteldoos, . . . soos 'n driehoek by 'n es; so kwaai soos 'n oorlaaide essie; skop soos 'n ou-sanna; by die Griekwas: dis nes water bo 'n pielle (eend) se rug.

In T.W.K. 14-4 word die volgende interessante vergelyking deur J. d. P. Scholtz aangehaal: „Daar stond hy toe vas, nets de aap by de timmerman.” Saam met die skrywer sal 'n mens geneë wees om hierdie voorstelling in verband te bring met die een of ander verhaaltjie. Dit blyk egter dat aap 'n verouderde timmermansterm vir 'n dissel is. Ou vaklui ken die woord nog goed, soos blyk uit die volgende wat van 'n ou timmerman in die Vrystaat verneem is: „'n Aap? Ja meneer, dit is wat ons vandag 'n dissel noem. Kyk as hy daar teen die muur hang, dan lyk sy kop baie na 'n klein apie, en daardie lang steel van hom lyk kompleteet soos die aap se stert.”³⁾ Die dissel was vroeër 'n veelgebruikte stuk gereedskap, veral in die

¹⁾ Onze Taaltuin 3-9-282.

²⁾ Ndl. Wdb. 3-3567.

³⁾ My dank aan mnr. H. Heckroodt van Petrusburg vir hierdie besonderhede.

wamakersbedryf waar dit gebruik is om speke, nawe, ens. reg te kap. Selfs vandag het dit nog sy nut omdat daarmee fyner gewerk kan word as met 'n gewone byl. Met groot waarskynlikheid kan dus aangeneem word dat die woord aap in genoemde vergelyking ook in hierdie verouderde betekenis gebruik word.

Die velbroek en die velskoen het gaandeweg op die agtergrond geraak, maar in die volksvergelyking word hulle nog dikwels genoeg vermeld: so lastig soos 'n vlooi in 'n velbroek, so sterk soos 'n nuwe ferweelbroek (velbroek), so lastig soos 'n dubbeltjie in 'n velskoen, omkrullippe soos 'n natgereënde velskoen, so tuis soos 'n boer in 'n ou paar velskoene.

Dieselfde geld vir die vergelykinge wat aan die ossewa ontleen is sowel as vir die interessante groep uitdrukkinge wat hulle ontstaan te danke het aan die Anglo-Boeroorlog. Naas grappige sinspeling op die onhandigheid, onbeholpenheid en agterstevoorheid van die Tommie, word hier vergelykinge aangetref wat as sterk gevoelsuitinge dikwels onaangename herinneringe te voorskyn roep: so baar soos 'n Tommie, perdry soos 'n Engelse Tommie, tekere gaan soos die Tommies op 'n boerewerf, hy skeer sy kop so kaal soos 'n Tommie sy perd se stert; hy lieg soos 'n Long Tom skiet, loop soos 'n troepperd, so sterk soos 'n kanonperd, 'n hol rug soos 'n troepperd; so brutaal soos 'n gewapende Kaffer, so laag (gemeen) soos 'n National Scout, so kwaai soos die Britse leeu.

(k) Die Volksgeloof.

Die taal kan in baie opsigte beskou word as 'n weerspieëling van die volksgeloof. Die herkoms van menige woord of uitdrukking sou nog duister gewees het as die volksgeloof nie die rigting vir ondersoek aangewys het nie. So bly ook die oorsprong van 'n groot aantal vergelykinge onverklaarbaar tensy die volksgeloof as bondgenoot ingeroep word om die eienaardige gedagtegang en vreemde assosiasies van die spraakmakende menigte na te speur.

So lelik soos Donderdagnag om twaalfuur is 'n uitdrukking wat oor ons hele uitgestrekte spraakgebied gangbaarheid verkry het. In alle dele van Suid-Afrika en selfs onder die Boere in Argentinië kom variante daarvan voor:— So lelik soos Donderdagaand op 'n kruiwa, so lelik soos Donderdag op 'n warm yster, ens.

'n Mens sou geneig gewees het om hierin 'n eufemistiese vorming van donder te sien, as dit nie was dat die volksgeloof die aandag in 'n ander rigting dwing nie. Daar bestaan nl. 'n algemene volksoopvatting dat die duiwel hom op Donderdagnag om twaalfuur in sy mees afskuwekkende vorm aan sy aanbidders vertoon, om by daardie geleentheid sy aspirant-toorders in die Swart Kuns te onder- rig: „Klokslag twaalfuur, middernag, neem jy dan die lewendige kat en steek dit in 'n pot kokende water. Die aspirant moet dan een-

kant langs die vuur gaan sit en op die ramkie speel. Terwyl die aspirant nou sy lied so sit en sing, sak daar stadig na benede uit die donkergrys sterrehemel eers die linkerbeen van die Prins van Duisternis, dan volg die regterbeen. Daarna eers volg die romp, wat mooi op die twee bene gaan rus."¹⁾

Dit wil dus voorkom asof so lelik soos **Donderdagnag om twaalfuur** (d.w.s. so lelik soos die duivel op **Donderdagnag om twaalfuur**) slegs 'n kragtiger voorstelling is van die bekende so lelik soos die duivel. Vgl. ook Afr. so lelik soos die Joos, so lelik soos oom Joos se varkhok, 'n gesig soos sewe duiwels; Ndd. 'n gesicht as en Topf voll Düwels.

Dieselfde verband tussen **Donderdagnag om twaalfuur** en die benatuurlike word in nog 'n ander bygeloof aangetref: „Staan op 'n Donderdagnag om twaalfuur op. Dit moet donkermaan wees. Loop sewe maal om die huis. Sien jy 'n doodkis dan sal jy sterf voordat jy trou."²⁾ Buitendien word die duivel al vanaf die vroegste tye met toordery assosieer. Voetius het alreeds gesê: „De duivel werkt onmiddellijk en rechtstreeks op het verstand des menschen. Tooveren is iets wonderbaarlijks verrichten met behulp van den duivel."³⁾

Dit is bekend dat die duivel in die volkstaal met verskillende benaminge aangedui word. Strackerjan noem bv. die volgende Platduitse voorbeelde: *Satan, Beelzebub, Antichrist, Lucifer, De Swarte, de Böse, de olejung, de ole knecht*. In die volksvergelyking kom sulke benaminge gedurig voor, al is dit soms moeilik om almal dadelik as sulks te herken.

In die **Nederlandse Woordeboek** word die woord **Herry** as 'n gewone eienaam beskou in die vergelyking: „zoo dwars zien als Herry, wanneer hem de nikker aankijkt."⁴⁾ Origens word **herrie** in Ndl. **herrie maken** sowel deur Stoett (1-345) as deur die Ndl. Wdb. in verband gebring met Eng. **hurry**, 'n verklaring wat Malherbe navolg in sy **Spreekwoorde**.⁵⁾

Die moontlikheid is egter nie uitgeslote dat ons hier te doen het met die Engelse duivelnaam **Harry** nie. **Old Harry** is nl. 'n „familiar name for the Devil."⁶⁾ In die Afrikaanse volksvergelykinge is dit ongetwyfeld die geval. Dit word bewys deur die volgende parallele gebruiksaanwendinge: **Jaag soos die duivel, . . . soos die Josie, . . . soos die Herrie; so vrot soos die duivel, . . . soos ou Herrie; hy is die duivel in, . . . die josie in, . . . die herrie in.**

¹⁾ A. J. Coetzee in **Die Brandw.** 14/7/'39.

²⁾ **Die Brandw.** 1/12/'39.

³⁾ G. A. Wumkes: **Uit Onzen Bloeitijd** (afd. Volksgeloof), bl. 386.

⁴⁾ Ndl. Wdb. 6-636.

⁵⁾ Malherbe, bl. 203.

⁶⁾ Oxford Dict. 5-105.

In op jou herrie kry het ons waarskynlik met dieselfde woord te doen, vgl. jy sal op jou duivel kry en iemand op sy duivel speel; moeiliker word hierdie verklaring in 'n herrie maak, tensy bedink word dat die duivel dikwels met lawaai assosieer word, vgl. Afr. meer lawaai as op die duivel se bruilof, Ndl. razen gelijk een duivel in een wijwaterbak, een leven van al die duvels.

Besonder talryk is die ander duivelbenaminge wat in die vergelyking voorkom:—

JOOS (JOSIE): So skoon soos oom Joos se varkhok, so lelik soos die Joos, so haastig soos die Joos vanself; Ndl. *zwart als oosje*.

SATAN: So vals (so swart) soos Satan, die help net so min as om die duivel by Satan aan te kla; by die Griekwas: „Dar hōr oens net gebrul sōs Satang hier agter oens.”

Vergelyk verder: Ndl. *zwart als Lucifer*; Eng. *Black as the Earl of Hell's Riding Boots*; 17de-eeus: „botter as de droes” (Spr. Brabander), „so hart als een mensch die van den droes verheert is” (an Moerk., bl. 329).

Dit is baie gebruiklik om die duivel met 'n diere naam aan te dui: „Satan neemt somtijds de gedaante aan van een lichaam van mensch of beest en door dat lichaam werkt hij en brengt hij ontrusting te weeg.”¹⁾ Daar heers 'n algemene opvatting dat die duivel hom in die vorm van 'n hond vertoon: „Der Teufel geht als schwarzen Hund mit feurigen Augen um;”²⁾ „Dat wēr de Düwel, sād de Jung, dō sēg he 'n swarten Hund.”³⁾ Sowel Bartsch as Strackerjan noem baie gevalle waar die duivel hom in die vorm van 'n swart hond sou vertoon het.

Hierdie swart hond word in die volgende Afrikaanse vergelykinge genoem: Sy raas maak op my net so min indruk soos 'n swart hond se omkyk, jy het ook meer dinge as wat 'n swart hond vlooië het, stink soos 'n swart hond se lêplek; vgl. Eng. *to blush like a black dog*.

Stoett beskou 'bonte hond' in die vergelyking bekend als die bonte hond ook as een van die vele benaminge van die duivel.⁴⁾ Dit is meer aanneemlik as bv. Lipperheide of Schrader se verklaring van vergelykinge soos he is so benütt as een bunter Hund en bekannt wie ein bunter Hund, nl. „Bunte, gefleckte Hunde gibt es seltener; daher fallen sie mehr auf und sind bekannter.”⁵⁾

Met net soveel reg kan aangeneem word dat die duivel bedoel word in die volgende vergelyking wat Wander noem sonder om dit

¹⁾ Dr. G. A. Wumkes: *Uit Onzen Bloeitijd* (Afd. Volksgeloof).

²⁾ Bartsch, bl. 4.

³⁾ Wander 4-1059.

⁴⁾ Stoett 1-352.

⁵⁾ Lipperheide, bl. 85.

X

te verklaar: **Er stiehlt wie ein rother Hund** (W. 3-803); **er lügt wie ein rother Hund** (W. 4-1059). Die assosiasie met **duiwel** of **hel** en **rooi** kan immers maklik genoeg verklaar word.

In 'n groot menigte vergelykinge kom die woord **duiwel** (of **hel**) self voor. Waar so'n uitdrukking oorspronklik verband gehou het met die eienskappe wat aan die duiwel toegeken word, het dit later by veelvuldige gebruik verswak tot 'n mode-aanwending wat alleen gevoelswaarde gehad het: vgl. Vls. zoo **zwart, kwaad, vals, slim, fijn, sterk, koud als nen duvele**; Ndl. **boos, nuchter als een duivel**; Afr. **slim, skelm, swart, oud, geleerd, lelik soos die duiwel**; vloek, drink, ry, raas, lieg, jaag soos die duiwel.

H. L. Mencken merk op: „The use of 'hell' in such phrases as 'he ran like hell' is apparently an English invention. Probably American is the general use of hell as an intensive without regard to its logical meaning as in 'it was colder than hell', 'the pitcher was wider than hell.'"¹⁾ Afrikaans het hierdie gebruik van Engels oorge-neem, alhoewel **hel** op verre na nie so algemeen gebruik word as **duiwel** nie. In nog 'n opsig word ruim van die woord **duiwel** gebruik gemaak: „Deur iemand 'n duiwel te noem in verband met sekere handeling word bedoel dat die persoon in dié opsig uitmunt, dat hy daarin die meesterskap besit, bv. hy is 'n duiwel om te werk, loop, ry ens";²⁾ „Duivel wordt fig. gezegd van iemand, die uitmunt door een zeker geestvermogen, lichaamskracht enz. Het is een duivel van slimheid.”³⁾

Die vergelyking sou oorspronklik beperk gewees het tot eienskappe en karaktertrekke van die duiwel, sy gebied en sy verblyfplek. So **besig soos die duiwel in die danssaal** spruit uit die Calvinistiese opvatting dat die danslokaal die ingang van die hel is; **agter geld soos die duiwel agter 'n siel** hou ewe-eens verband met die vors van die duisternis se belangrikste strewe; **so bang soos die duiwel vir 'n kruis** herinner aan die geloof dat die aanslae van die Satan afge-weer kan word met behulp van 'n kruis;⁴⁾ met **so bang soos die duiwel vir musiek** sal in eerste instansie kerkmusiek of gewyde musiek bedoel word; die geloof dat die duiwel se mag afneem met die koms van die daeraad spreek uit Ndl. **tegen iets lachen als de duivel tegen den dageraad**⁵⁾ (d.w.s. 'n suur gesig trek); **so ongeduldig soos die duiwel wat in die hemel kuier** is duidelik genoeg.

Die ou Germane het die hel beskou as 'n troostelose oord, waar

¹⁾ American Language, bl. 314.

²⁾ D. F. Malherbe in T.W.K. 1-200.

³⁾ De Bo: Vlaamsch Idiotikon, bl. 243.

⁴⁾ Vgl. A. Coetzee oor volksgeloof in **Die Brandwag**.

⁵⁾ Ndl. Wdb. 3-3620.

„de onzalige geesten of zielen verblijven, een duister, koud en vochtig oord.”¹⁾ Vgl. hiermee **so diep, donker, koud soos die hel**.

Met die koms van die Christendom verander ook die voorstelling van die duiwel se verblyfplek. „De Christelike voorstelling is die van eenen vuurpoel, hevig en onophoudelijke brandende. Onder het heidendom had men gesproken van ‚de zwarte hel’; de Christenen spraken voortaan van ‚de roode hel, reade hel, rade hel’.”²⁾ Vgl. hiermee **hy lyk soos ’n wit Hotnot wat uit die hel weggevlug het, so rooi soos die hel**.

Van die mees gangbare vergelykinge in hierdie gebied spruit uit staaltjies waarin die duiwel telkens erg bedroë daarvan afgekom het. ’n Verhaaltjie lê ten grondslag aan **so bang soos die duiwel vir ’n knapsak**;³⁾ **so bang soos die duiwel vir ’n slypsteen** het betrekking op die voorstelling dat die duiwel soms as straf ’n slypsteen moet draai;³⁾ ’n variant hiervan is **so bang soos die duiwel vir ’n soutsak**, terwyl die assosiasie met sout ook voorkom in **so bang soos die duiwel vir sout raap**; **so bang soos die duiwel vir ’n pikbalie** hou moontlik ook verband met die een of ander verhaal.⁴⁾

’n Ander groep vergelykinge waarin spore van die volksgeloof gevind word is die waarin na die eienskappe van diere verwys word. **So giftig soos ’n geitjie** is wetenskaplik net so onjuis as **so blind soos ’n mol**, **so doof soos ’n kwartel** en bv. **Eng. as deaf as an adder**.

Van oudsher sien die volksgeloof in die salamander ’n ondiër wat gif en vlamme uitspuug. Plinius het reeds beweer dat die salamander te midde van die vuur kon leef en selfs die vlamme kon verdoof.⁵⁾ Wat Suid-Afrika betref het Lichtenstein al opgemerk „dat die koloniste bygelowige vooroordele het teen geitjies, gifbye of motbye, skurwepaddas en allerlei ander onskadelike insekte en slange.”⁶⁾

Die mol is in werklikheid nie volslae blind nie, maar die klein ogies lyk oorbodig: „De mol is in de volkstaal het type van een blind diër. Eigenlijk is de blinde mol een soort die in Zuid-Europa voorkomt.”⁷⁾

Die kwartel is hoegenaamd nie doof nie, sodat ons met Stoett kan aanneem dat die vergelyking spruit uit die gewoonte van die kwartel om doodstil en ineengedoke te bly sit, „zoodat men er wel op

1) Winkler: Studiën in Nederlandsche Namenkunde, bl. 280.

2) Idem: bl. 287.

3) Vgl. Malherbe: Spreekwoorde, bl. 101 en 102.

4) Kyk ook by vergelykinge met **bang**.

5) De Cock—Volksgeloof, bl. 138.

6) S. P. E. Boshoff: Feite en Beskouinge, bl. 110.

7) Ndl. Wdb. 9-1015, 1017.

kan trappen, zonder dat zij zich verroeren, of een geweer vlak bij hen kan afschieten zonder dat zij opvliegen."¹⁾

Hier kan verder genoem word **suip soos 'n vis** wat ook op 'n dergelijke verkeerde veronderstelling berus. „Hierdie uitdrukking is beslis die grofste laster teenoor die visse. Hulle drink nie eens water nie, hoewel hulle hulle deel daarvan kry omdat dit aanwesig is in die kos wat hulle eet."²⁾ Dieselfde assosiasie met waterdiere en water lê opgesluit in vergelykinge soos **so dors soos 'n padda, gans, eend, ens.**

Voorstellinge wat direk verband hou met die volksgeloof is verantwoordelik vir vergelykinge soos **toor soos 'n Slamaaier** en **dit help soos varkspek by 'n toordery.**³⁾

Ten slotte kom hier in aanmerking die tallose vergelykinge waarin die getal sewe voorkom. Hoewel die volk nie meer bewus daaryan is nie, het hierdie getal 'n spesiale betekenis gehad. Vir sommige was dit die getal van volmaaktheid (vgl. Tuinman, bl. 270) of 'n heilige getal (vgl. Wander 4-532). Ander weer het in dié getal alleen onheil gesien — „viele der alten hielten die Zahl für eine unglückliche."⁴⁾

In Afrikaans kom die getal sewe in enkele spreekwoorde voor (bv. **na sonop kan sewe Malbaar nie een bok se kop afsny nie**)⁵⁾, maar nêrens so veelvuldig as in die vergelyking nie:—

Lyk soos sewe dae se reënweer, so dors soos sewe Jode, so gelukkig soos 'n hond op sy sewende verjaarsdag, lyk soos 'n Frieskoei wat sewe dae in die modder vasgesit het, hardloop soos sewe windhonde nie kan hardloop nie, so taai soos 'n kat met sewe lewens, so siek soos twee honde en nog vyf.

Vgl. Ndl. *Zij is een maagd als een koe die zeven kalvers gehad heeft* (De C.-Vr., bl. 98), *vlug als een man van driemaal zeven*, „Ik ben zo beroerd als zeven zieke honden" (M. Gijzen's Jeugd), *natuur trekt meer dan zeven paarden*; Vls. *Zoo verre loopen as nen haz i zeve jaar* (Teirl. 1-19); Hgd. *Er schwätzt mehr als sieben Weiber* (Wander 4-430), *er hät es Mul wie wenn er sibe Tüfel g'frässe hett* (Wander 3-518).

¹⁾ Stoett, 1-181.

²⁾ Die Brandwag 26/5/'39.

³⁾ Vgl. Coetzee: Die Afr. Volksgeloof, bl. 145.

⁴⁾ Wander 4-553.

⁵⁾ Mansvelt, bl. 105.